

ST. DAMIAAN VAN MOLOKAI

15 APRIL

(1840-1889)



Hy is in België gebore en sluit as jongman aan by die Kongregasie van die Heilige Hart, wat hom na die nuwe sendingveld van die Hawaii-eilande toe stuur waar hy in Honolulu tot priester gewy word. Die destydse koning van die eilande het bepaal dat alle melaatses uit die samelewing verwyder en na die eiland van Molokai gestuur moes word. Daar moes hulle onder haglike omstandighede met min voedsel en geen mediese middele op hul eie oorleef. Op 33-jarige ouderdom gaan woon Vr. Damiaan op dié eiland. Hy word die sieleherder van dié hopelose mense in hul ellendige bestaan wat gemaak het dat baie van hulle soos diere begin leef het. Vir hulle was daar was geen hoop op beterskap of uitkoms nie en Damiaan het besluit om hulle uitsiglose bestaan te deel. Oor die jare heen sou hy meer as 2000 mense met sy eie hande begrawe. Uiteindelik oortuig hy die regering om verantwoordelikheid te begin neem vir dié mense en bou hy 'n kliniek en weeshuis. Teen 1885 begin hy self die eerste tekens van melaatsheid toon. Hy het hom so totaal met die melaatses se lewens en lyding vereenselwig dat hy hulle van Christus se liefde kon oortuig. Danksy Damiaan was Molokai nie meer 'n plek van verskrikking nie, maar van hoop en omgee en broederlike en susterlike bystand en liefde. Hy sterf as melaatse onder sy geliefde melaatses.